

---

---

P R A A T U

---

---

B E S K A A F ?

---

---

P. D E V. P I E N A A R

---

---

PRAAT

U

BESKAAF?

P. DE V. PIENAAR



VOORTREKKERS, BEPERK,  
Johannesburg en Pretoria.

191

## TER INLEIDING

*Die gemis aan 'n beknopte handleiding oor spraak wat in eenvoudige taal opgestel is, sodat 'n ieder wat in sy spraak belangstel, daaruit voordeel kan haal, het my genoop om hierdie werkie saam te stel.*

*Al te dikwels hoor 'n mens die klag oor 'n gebrek aan 'n bepaalde standaard by kunswedstryde, of seek onderwysers, aspirant-omroepers, e.d.m. 'n leidraad vir korrekte spraakgebruik. Hierdie werkie probeer in dié leemte voorsien. Waar die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns van plan is om voordrag-eksamens in te stel, hoop die skrywer dat sy handleiding ook daar sy nut sal hê.*

*'n Oefeningboekie om by die handleiding te gebruik. volg binnekort.*

*Vir die leesbaarheid van die werkie, en ook om koste te bespaar, is van voetangels afgesien. Lesers vind agteraan die boek 'n lys van geraadpleegde werke, waarvan die skrywer dankbaar gebruik gemaak het.*

*Besonder dank is die skrywer verskuldig aan prof. C. M. van den Heever vir die aantekeninge by sy gedig, Salome, waarvan hy die opname goedgunstiglik toegestaan het, asook vir sy raad na insage van die werk. In laasgenoemde verband moet ook die naam van prof. S. P. E. Boshoff met dank genoem word.*

*Van prof. Jac. van Ginneken is goedgunstiglik toestemming verkry om die foto's van die gesigsmimiek van Albert Borée uit sy werk, „Gelaat, Gebaar en Klank-expressie”, te gebruik.*

*Die voorsitter van die Raad van die Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie en Sekretaris van Onderwys, prof. M. C. Botha, se inwilliging om die werkie met sy seënwenste te laat verskyn, word besonder op prys gestel.*

*Laat ons hoop dat alle vooroordeel teen en onverskilligheid jeens goeie en beskaafde spraakgebruik deur hierdie werkie so uit die weg geruim sal word, dat 'n ieder wat van sy inhoud met toewyding kennis neem, die sjibbolet-toets van die samelewing sal kan deurstaan.*

P. DE V. PIENAAR

*Universiteit van die Witwatersrand.*

*Februarie 1939.*

---

---

◆

# Inhoud

## HOOFSTUK I.

Praat, Uitspraak, Voordrag .. .. . Bl. 11—34

## HOOFSTUK II.

Genetiese uiting van klanktaal. Asem, stem, omvorming van stem, spraakklanke, samestelling .. .. . Bl. 35—89

## HOOFSTUK III.

Die resultaat van spraakklankvorming .. Bl. 90—110

## HOOFSTUK IV.

Sielkundige oorwegings .. .. . Bl. 111—133

## HOOFSTUK V.

Grondreëls vir goeie spraakgebruik .. .. Bl. 134—145

## HOOFSTUK VI.

Voordrag .. .. . Bl. 146—164

## HOOFSTUK VII.

Kanseltegnyk .. .. . Bl. 165—167

## HOOFSTUK VIII.

Radiotegnnyk .. .. . Bl. 168—173

## HOOFSTUK IX.

Die Politieke Spreker .. .. . Bl. 174—176

## HOOFSTUK X.

Spraak en Sang .. .. . Bl. 177—181

## AANHANGSEL A.

Lys van geraadpleegde werke .. .. . Bl. 182—185

## AANHANGSEL B.

Lys van vernaamste fonetiese tekens vir Afrikaanse spraakklanke .. .. . Bl. 186—187

## AANHANGSEL C.

Spektrogramme van Afrikaanse spraakklanke Saakregister .. .. . Bl. 188—196



## VOORWOORD

Daar was 'n tyd toe ons 'n geweldige stryd—ook teen Afrikaanssprekendes — moes voer om Afrikaans as skryftaal erken te kry. Daardie stryd is gelukkig agter die rug—in teoretiese sin altans; want daar is nog baie Afrikaanssprekendes wat òf in taalopsig nog in die neëntiende eeu lewe, òf dit nie durf waag om hulle gebrekkige kennis van hulle moedertaal in skrif te openbaar nie.

Met die amptelike erkenning van Afrikaans deur Kerk en Staat, as gevolg waarvan dit sy intrede ook in die skool gedoen het, het daar allerlei moeilikhede ontstaan oor die vorm en die uitspraak van ons taal. Ortografiese moeilikhede is klaarblyklik nog maar gedeeltelik opgelos, terwyl daar oor die uitspraak van baie woorde ook nog uiteenlopende menings bestaan. In hierdie opsig is Afrikaans egter nie anders as enige ander moderne, lewende taal nie: spelling- en uitspraakmoeilikhede gaan gepaard met alle taalontwikkeling, en geld hoegenaamd nie as argument vir wie om ander redes die taal nie wil aanleer nie.

Met hierdie boek het die skrywer baanbrekerswerk verrig wat in wye kringe belangstelling sal vind. Die inhoud is dikwels nuut en interessant en getuig van prysenswaardige belesenheid. Veral die suiwer fonetiese gedeelte lyk my 'n knap stukkie werk, en die spraakstilistiese gedeelte is nie minder oortuigend nie. As die skrywer daarin kan slaag om 'n beskaafder uitspraak, nie alleen in ons Afrikaanse voordrag- en toneelkuns nie, maar ook in ons omgangstaal, ons radio en op ons kansels deur hierdie werk te bevorder, sal alle liefhebbers van ons taal hom dank verskuldig wees. My kom dit altans voor asof hy hier deeglike leiding gee.

Die moeilikheid wat aan werk van hierdie aard byna onafskeidelik verbonde is, het die skrywer klaarblyklik ook ondervind. Dit is naamlik om die middeweg te hou tussen 'n populêre uiteensetting en 'n taalgeleerde verhandeling. Daar is in ieder geval genoeg van albei in hierdie werk om albei soorte lesers tot sekere hoogte te bevredig.

Eindelik: taal en styl is so seer 'n kwessie van persoonlike smaak dat eensgesindheid op hierdie gebied nooit te bereik is en seker ook deur geen verstandige mens ooit tot

*ideaal gestel sal word nie. Wie die skrywer se woordkeuse en sinswendinge wil beoordeel, moet dit in gedagte hou. Daar is soveel leersaams in hierdie werk dat ek dit met die grootste vrymoedigheid by Afrikaanse lesers wil aanbeveel.*

M. C. BOTHA.

Kaapstad,

Februarie 1939.

